higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5

(Tweede vraestel)

(4090315)

25 Mei 2021 (X-vraestel)
09:30–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Sakrekenaars en VYF voorgeskrewe verwysingsbronne bestaande uit woordeboeke, handboeke en studentelêers met lesingnotas mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

049Q2J2125

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N5
(Tweede vraestel)
TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord enige DRIE vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Al die vrae moet in die ANTWOORDBOEK beantwoord word.
7. Punte sal nie toegeken word vir direkte oorskrywery uit die handboek nie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Yellow Bone, 'n voormalige sokkerspeler, het besluit om 'n sokker-akademie vir meisies te open. Die akademie sal spelers van tussen 10 en 15 jaar oud afrig. Hy het meer as 30 spelers gewerf.

2.1 Verduidelik VYF maniere waarop die eksterne omgewingsfaktore 'n negatiewe invloed op sal hê. (5 × 2) (10)

2.2 Yellow Bone wil 'n sokkerbestuurder aanstel, wat die jong meisies sal afrig en lei en inligting oor hul fiksheid en beskikbaarheid sal verskaf. Help Yellow Bone om 'n advertensie vir die pos van sokkerbestuurder op te stel om in die plaaslike en nasionale koerante te publiseer. (5 × 2) (10)

2.3 Verduidelik aan Yellow Bone die metodes of opsies wat hy kan gebruik om die spelers te motiveer om hulle verbintenis tot die span se doelwitte te versterk, soos om wedstryde te wen en spelers vir die nasionale spanne voor te berei. (5 × 2) (10)

2.4 Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

John Bull Proudly South African Manufacturing Company het geen organisatoriese struktuur nie, en sy personeel werk onafhanklik in drie stede, naamlik Pretoria, Bloemfontein en Durban. Daar is aparte afdelings in die drie stede, met 'n direkteur wat elke stad beheer, en elke afdeling het onderafdelings wat deur 'n promotor bestuur word.

Teken 'n organisatoriese struktuur vir John Bull Manufacturing Company. (8)

2.5 Indien Yellow Bone se totale bates R580 000 is en sy geprojekteerde netto wins R292 950 is, bereken die volgende en lewer kommentaar daarop:

2.5.1 Opbrengs op bate (5)

2.5.2 Belasting betaalbaar aan die SAID; gebruik R292 950 as netto wins voor belasting en 25% vir belasting. (3)

2.5.3 Opbrengs op bate (gebruik die na-belastingsyfer) (4)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Die misdaadsyfer in die land, veral in die klein gemeenskap van Duduza aan die Weskus van die Wes-Kaap Provinsie, het die gemeenskap aangespoor om 'n gemeenskapsgebaseerde sekuriteitsonderneming te begin. Die onderneming gebruik 6 tegnici, 20 geïnstalleerde huis- en winkelalarms, en 3 geïnstalleerde motoralarms. Individuele huishoudings ontvang fluitjies.

3.1 Verduidelik die stappe wat die gemeenskap sal volg om 'n geskikte patrollie-koördineerder aan te stel. (7 × 2) (14)

3.2 Taakveralgemening impliseer dat die werker 'n wye verskeidenheid take kry om te verrig. Noem TWEE voordele van taakveralgemening in die voertuignywerheid. (2 × 2) (4)

3.3 Help die gemeenskap om 'n geskikte naam vir die patrollie-onderneming te identifiseer en gee 'n rede vir jou antwoord. (2 × 2) (4)

3.4 Gebruik die volgende inligting en stel 'n basiese inkomste-en-uitgawestaat op vir die gemeenskapspatrollie-onderneming:

Daar is 1500 huishoudings in die gemeenskap en elke huishouding gaan R200 per jaar bydra.

Uitgawes:

Lugtyd en telefone	R 14 000.00
Salaris en lone	R 178 000.00
Motoruitgawes	R 51 000.00
Brandstof&&& en olie	R 23 000.00
Uniforms vir werkers	R 8 000.00
Gereedskap en fluitjies	R 1 280.00
Personeelvoordeel	R 25 000.00

(12)

3.5 Help die gemeenskap om die belangrikheid van die n Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes te verstaan. (2 × 4) (8)

3.6 Lees die stelling o nder en beantwoord die vraag wat daarop volg.

Die dryfkrag agter die Vigs-veldtog is die minister van gesondheid, Aaron Motsoledi, wat insette gehelp het met president Zama se toespraak in die Nasionale Raad van Provinsies. Die toespraak het die verwoestende uitwerking van MIV en vigs beklemtoon, en die president het genoem dat statistiek daarop dui dat bykans 6 uit 10 sterftes in die land, sterftes van mense jonger as 50 jaar is. 'Al hoe meer mense sterf jonk, wat proporsioneel reeds byna meer is as sterftes van bejaarde mense. Daar word verkeerdelik geglo dat mense wat met MIV en vigs leef, van geen ekonomiese nut vir die sakesektor, die regering en die breër gemeenskap is nie.'

Noem enkele van die negatiewe opmerkings wat in die werkplek gemaak word teenoor mense wat met MIV en vigs leef.

(4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 4

Bestudeer die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

'Die tyd het aangebreek' sê Lerato Bobo, 'n finalejaarstudent in die gasvryheidsdepartement. Haar droom om 'n wegneemkos-winkel te besit en bestuur, is uiteindelik bewaarheid. Die winkel bied 'n tradisionele Afrika-spyskaart teen 'n bekostigbare prys aan. Die dekor, kos en personeeluniforms beeld verskillende Afrika-kulture en -agtergronde uit.

4.1 Verduidelik aan Lerato die DRIE metodes wat sy kan gebruik om klante te lok. (6)

4.2 Verduidelik die konsep van etiek aan haar en noem VIER etiese beginsels wat sy moet gebruik om haar wegneemkoswinkel te bedryf. (5 × 2) (10)

4.3 Sy wil 'n positiewe beeld vir haar onderneming uitdra. Verduidelik aan die hand van praktiese voorbeelde aan Lerato hoe sy 'n effektiewe beheerstelsel kan gebruik om 'n positiewe beeld te skep en gehaltediens by die wegneemkoswinkel te lewer. (6 × 2) (12)

4.4 Dudu, die winkelbestuurder, beplan om 'n bestelling vir grondstowwe en ander bestanddele vir die wegneemonderneming te plaas.

4.4.1 Verduidelik VYF faktore wat Dudu in aanmerking moet neem wanneer sy 'n verskaffer kies. (5 × 2) (10)

4.4.2 Help Lerato om die gelykbreekpunt in rand te bereken. (3)

4.4.3 Help Lerato om die gelykbreekpunt in eenhede te bereken. (5)

4.4.4 Help Lerato om die gelykbreekpunt te bereken as sy 'n wins van R5 000 wil maak. (4)

LET WEL: (Die onderneming se prystoeslagpersentasie is 48%, verkoopprys R35 en kosprys R18.)

[50]

VRAAG 5

5.1 Lerato Bobo and Yellow Bone kan as entrepreneurs beskryf word, wat tot Suid-Afrika se ekonomiese groei bydra. Motiveer hierdie stelling deur DRIE aspekte van die ekonomiese belangrikheid van 'n entrepreneur te noem. (3 × 2) (6)

5.2 Verduidelik aan Lerato en Yellow Bone hoe hulle hul persoonlike ontwikkeling kan gebruik om hul ondernemings te verbeter. (4 × 2) (8)

5.3 Watter inligting word benodig wanneer 'n persoon om 'n sakelening aansoek doen? (5 × 2) (10)

5.4 Gebruik die inligting hier onder om die volgende te bereken:

Jaarlikse vraag	1 800 eenhede
Daaglikse vraag	1 800/365
Bestelkoste	R30 per order
Houkostet	R3 per eenheid per jaar
Lewertyd	6 dae
Koste per eenheid	R7

5.4.1 Die ekonomiese bestelhoeveelheid (6)

5.4.2 Die herbestelpunt (4)

5.4.3 Die totale koste (4)

5.5 Fisiese fiksheid raak 'n al hoe belangriker faktor in die keuring en aanstelling van kandidate in 'n organisasie, en ook in die regering se eie instellings. Noem DRIE moontlike redes waarom fisiese ondersoeke en evaluerings belangrik kan wees vir die keuring en aanstelling van kandidate in die Suid-Afrikaanse Polisiediens. (3 × 2) (6)

5.6 Gesag is 'n reg, wat van ander mense se optrede en vaardighede gebruik kan maak. Noem enige DRIE effektiewe maniere om gesag na 'n ondergeskikte te delegeer. Authority is a right, which may make use of the actions and skills of others. Suggest any THREE effective method of delegating authority to a subordinate. (3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou